LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1 Faks.: 044-691 2046 Kaapweg 49
E-Pos parklaerskool@gmail.com Posbus 96
Webblad www.parklaerskool.co.za MOSSELBAAI
Prinsipaal D.F. Du Toit 6500

4 November 2020

Geagte Ouers

KRUIDENIERSWARE – PROJEK
Dit is met groot opgewondenheid dat ons met ‘n nuwe fondsinsamelingsprojek, die Kruideniersware Trollie-projek, afgeskop het op 24 September 2020!

Daar is drie kruideniersware trollies, ten waarde van R3000,00 elk, wat gewen kan word!
Elke leerder het ‘n lootjie-vorm ontvang, waarop daar plek is vir twintig (20) name en elke lootjie word verkoop teen R20,00.

Gelukkige trekking vir leerders
Vanjaar het ons besluit om ons leerders ook te beloon vir hulle deelname in ons projekte. Vir elke voltooide vorm, kry die leerders 1 kans vir ‘n gelukkige trekking. Hoe meer lootjies verkoop word, hoe groter die kans om ‘n kontant prys te wen!

Die eerste agt gelukkige trekkings ontvang elk ‘n R1000 kontant, negende prys is R500 kontant en die tiende prys is R200 kontant.

Parkies, hier is julle kans om sommer lekker sakgeld vir die Desembervakansie bymekaar te maak!

Trekking van kruideniersware trollie-wenners
Die trekking vind “LIVE” op Laerskool Park se Facebook-blad plaas op Donderdag, 12 November 2020 om 18:00. Wenners sal gekontak word om die pryse te kom afhaal.
Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Terme en voorwaardes
- Die kompetisie sluit Vrydag, 6 November 2020 om 14:00.
- Groep een en groep twee moet hul lootjie-vorms ‘n dag voor die tyd (5 November) inhandig as hul nie die Vrydag, 6 November by die skool is nie.
- Indien jou vorm verlore raak, sal jy R400 moet inbetaal.
- Geen vorms wat laat ingehandig word, sal deel van die trekking wees nie.
- Geen name kan dubbel getrek word nie. Die eerste trekking sal geld, ‘n tweede trekking van dieselfde naam sal nie vir nog ‘n prys kan kwalifiseer nie.

BAIE DANKIE AAN DIE VOLGENDE BORGE WAT DIE PROJEK MOONTLIK GEMAAK HET:
1. IAN CELLIERS van MICFIN GROEPSKEMA
2. RIETTE en JACO V/D MERWE van OK MINIMARK DANABAAI
3. THEUNS KRITZINGER van SPEKBOOM DELI VOORBAAI

Vriendelike groete

Mnr. D.F. du Toit
Skoolhoof

Me. M. Cilliers
OOV Voorsitter